# SOSIALE MEDIA BELEID

## 1. KONTEKS

Die Sosiale Media Beleid vorm deel van Primêre Skool Universitas (sal hierna as *Tjokkies* verwys word) se groter Digitale Veiligheid en Inligtingstegnologie Beleidstruktuur.

Ons wil 'n platform bied waar lede van ons gemeenskap met mekaar kan kommunikeer sonder om ander te benadeel of enige wetlike riglyne te oortree.

## 2. DOEL

Die doel van die Sosiale Media Beleid is om:

(a) die gebruik van sosiale media en sosiale netwerking by Tjokkies te reguleer en sodoende 'n positiewe, respekvolle, en veilige sosiale media-omgewing vir almal te handhaaf.

(b) Die geleenthede wat multimedia-geletterdheid kan bied, op 'n verantwoordelike en respekvolle wyse aan leerders te bied ten einde die onderrig- en leeromgewing in ons skool te verryk;

(c) die verantwoordelikhede en gedrag te skets wat van personeel, besoekers, leerders en hul ouers as gebruikers van sosiale media en sosiale netwerking verwag word, in die besonder dat:

  (i) alle lede van die Tjokkies gemeenskap en verteenwoordigers van die skool verantwoordelikheid aanvaar vir die inhoud wat aanlyn geskryf, opgeneem, vertoon, geplaas of gekommunikeer word;

(ii) hulle ten alle tye goeie oordeel en gesonde verstand aan die dag moet lê by oorweging van enige van die aktiwiteite in subparagraaf (i) genoem;

(iii) deelname op sosiale media en sosialenetwerk-webwerwe tot die oortreding van skoolreëls en die leerders se Gedragskode mag lei, of strydig met bestaande wette mag wees;

(iv) die gebruik van of deelname op hierdie webwerwe nie die skool se naam negatief mag raak of die skool se reputasie mag skaad nie.

(d) Om te verseker dat die skool se beeld ten beste na die publiek uitgedra word.

**3. DEFINISIES**

*"Kuberafknouery"* verwys na opsetlike en herhaalde leed wat deur middel van rekenaars, selfone en ander digitale toestelle gedoen word;

*"Sosiale media"* beteken 'n versameling interaktiewe aanlyn platforms en instrumente wat deur individue, groepe en organisasies gebruik word om inhoud, profiele, menings, insigte, ervarings, perspektiewe en media te deel. Dit maak die skep en uitruil van gebruikersgeskepte inhoud moontlik. Sosialemediaplatforms neem verskeie vorme aan, byvoorbeeld webjoernale of mikrowebjoernaal, inhoudgemeenskappe, sosiale- en professionele netwerkwebwerwe, forums en besprekingsgroepe en aanlynensiklopidieë. Die terrein van sosiale media groei en verander vinnig. Hierdie beleid dek ook toekomstige toepassings van sosiale media, watter vorm dit ook al kan aanneem.

**Tjokkies maak huidiglik van die volgende platforms gebruik:**

-D6, Facebook, Instagram, WhatsApp, Karri en die amptelike webblad (www.tjokkies.co.za)

*"Sosialenetwerk-webwerf"* beteken 'n webgebaseerde diens wat individue in staat stel om:

(a) 'n openbare of gedeeltelik-openbare beeld te bou;
(b) kontakte of vriende met ander gebruikers te deel; en
(c) hul lyste met kontakte of vriende en dié wat deur ander binne die stelsel gemaak is te besigtig; die aard en terminologie van hierdie kontakte of vriende mag van webwerf tot webwerf verskil; en

*"Toegang"* beteken die reg, geleentheid of befondsingsmiddele, of herwinning van inligting.

## 4. WETSRAAMWERK

Hierdie beleid is onderhewig aan en in ooreenstemming met:

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989.
Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).

Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

Western Cape Government Social Media Policy, 2014.
Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005).

Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996).

Wet op Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011).

Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007).

Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978).

Childrens Act, 2005 (Wet 38 van 2005).
Wet op Reëling van Onderskepping van Kommunikasie en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 (Wet 70 van 2002). Riglyne oor e-Veiligheid in Skole, Departement van Basiese Onderwys, 2010.

Protection of Personal Information Act, 2013 (Wet 4 van 2013).

## 5. OMVANG

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeel, leerders en hul ouers of voogde by Tjokkies.

## 6. TOEGANKLIKHEID EN OUDERDOM

(a) Waar sosiale media amptelik gebruik word ter ondersteuning van onderrig en leer geleenthede, moet onderwysers alternatiewe kommunikasie kanale beskikbaar stel vir leerders wat nie toegang het tot die bepaalde sosiale netwerk nie, of wat nie hul ouers se toestemming het om deel te neem nie. Dieselfde geld vir ander skool kommunikasie kanale. Ouers en voogde moet ingelig word oor die opvoedkundige konteks van die sosiale media rekening en hoe dit ‘n integrale deel van die leerprogram is met verwysing na die kurrikulum.

(b) Personeel, leerders en ouers moet die terme en voorwaardes van die onderskeie sosiale media netwerke nakom. Onderwysers moet hierdie terme en voorwaardes in ag neem wanneer dit oorweeg word om met leerders deur

middel van sulke platforms te kommunikeer, deur te verseker dat dit inklusief is vir die hele groep.

(c) Sosiale netwerke se terme en voorwaardes sluit ‘n klousule oor ouderdom vir gebruik in. Ouers, leerders en onderwysers moet hul van hierdie klousules vergewis en daaraan gehoor gee. Die meeste gewilde sosiale netwerke stel ‘n ouderdom van 13 jaar of ouer vir gebruik.

## 7. SEKURITEIT EN PRIVAATHEID

(a) Onderwysers, leerders en ouers wat sosiale media en sosiale netwerk gebruik het die verantwoordelikheid om hulself vertroud te maak met privaatheidstellings, en die deel van inligting wat hulle dalk nie in die openbare domein wil hê nie, vermy.

(b) Geen persoonlike besonderhede of vertroulike inligting van leerlinge, onderwysers of ander ouers mag op sosiale media of sosialenetwerkwebwerwe gedeel word sonder hulle toestemming nie.

(c) Geen foto’s van leerders mag deur personeel in enige nie-amptelike sosiale media netwerke of webwerwe of groepe gedeel word sonder toestemming nie (bv. WhatsApp groepe, Instagram ens.).

(d) Maak gebruik van veilige wagwoorde en moet nie jou wagwoord met ander deel nie. Die skool se amptelike wagwoorde moet op ‘n veilige plek by die Bemarker of IT-persoon gestoor word.

## 8. PERSOONLIKE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA – PERSONEEL

(a) Die skool respekteer personeel se reg tot 'n privaatlewe. Die skool het ook die verantwoordelikheid om vertroulike inligting en die skool se reputasie te beskerm. Dit is dus belangrik dat personeel hul persoonlike reputasie en die reputasie van die skool sal beskerm deur te verseker dat hul persoonlike rekeninge op 'n verantwoordelike wyse gebruik word.

(b) Personeel moet nooit aanlyn kommunikasie op 'n individuele basis met 'n leerder hê nie, slegs in groepsverband vir opvoedkundige doeleindes en om inligting te deel.

(c) Indien enige personeellid bewus word van onaanvaarbare kommunikasie rakende enige leerder op enige sosiale media platform, moet dit onmiddellik by die klasonderwyser aangemeld word.

(d) Personeel mag nie sosiale media in skoolure gebruik nie, tensy gevra om inligting te plaas of te deel.

## 9. GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA IN AMPTELIKE HOEDANIGHEID – SKOOL

(a) Amptelike sosiale media kanale / -rekeninge mag slegs deur 'n afgevaardigde personeellid van die skool geskep word, met vooraf goedkeuring deur die Skoolhoof. Foprekeninge moet gerapporteer en verwyder word.

(b) Plasings op enige amptelike sosiale media kanale van die skool mag slegs deur afgevaardigde personeel gedoen word.

(c) Inligting wat op enige van Tjokkies se sosiale media kanale gedoen word, moet akkurate inligting bevat, en mag nie fopnuus versprei nie.

(d) Inligting wat in ‘n amptelike hoedanigheid op sosiale media gedeel word, mag nie kopiereg- of outeursregwetgewing skend nie. Verandering aan enige werk, kommentaar of plasing sonder toestemming kan die reputasie van die skrywer en ander partye raak. Toestemming moet te alle tye verkry word.

(e) Enige kommunikasie wat vir gebruikers gestuur en/of in die openbare domein geplaas word, moet erkenning van die bron gee.

(f) Enige foto’s of video -materiaal wat van leerders geplaas word, moet aan die skool se fotobeleid voldoen en POPI-toestemming vanaf ouers of voogde verkry.

(g) Ons moedig vinnige en doeltreffende kommunikasie aan. Verwag dat sake binne ‘n tydraamwerk van 72 uur hanteer word om sodoende relevantheid te behou.

(h) Publikasies moet relevant en opbouend vir die beeld van die skool wees.

**FACEBOOK en Instagram-plasings:**

(i) Name van leerders moet korrek gespel word.
(j) Verifieer woordeskat wat op plasings gebruik word.
(k) Let op grammatika, leestekens en sinskonstruksie.
(l) Let asseblief daarop dat alle geskrewe inhoud grammaties korrek, asook korrek gespel is.
(m) Beledigende taalgebruik, godslastering, of enige vorm van diskriminerende opmerkings is nie toelaatbaar nie.
(n) Spelling moet die Afrikaanse taal bevorder.
(o) Alle plasings moet die skool se waardes en goeie beeld bevorder.

***Waarvoor en op watter platform word daar erkenning aan prestasies gegee?***

| **Nuusbrief/ Weekblad:** | **Prestasieblad:** |
|---|---|
| Enige prestasies binne- of buite skoolverband, soos deur ouers of aktiwiteitshoofde aan Direkteur van Sport of Redaktrise deurgegee.<br><br>*Uitsonderings:*<br>Uitsonderlike prestasies soos deur Skoolhoof goedgekeur, bv. Internasionale verteenwoordiging of deelname, sal erkenning ontvang. | Enige prestasies binne- of buite skoolverband, soos deur ouers of aktiwiteitshoofde aan Redakteur deurgegee. Redakteur gaan slegs melding maak van prestasies wat aan hom/haar deurgegee is. |
| **Facebook & Instagram:** | **Saalperiode:** |
| Slegs skoolverwante nuus en aangeleenthede, of prestasies binne skoolverband, soos deur aktiwiteitshoofde aangemeld.<br><br>*Uitsonderings:*<br>Uitsonderlike prestasies soos deur Skoolhoof goedgekeur, bv. Internasionale verteenwoordiging of deelname, sal erkenning ontvang. | Enige prestasies binne- of buite skoolverband, soos deur ouers of aktiwiteitshoofde aan Direkteur van Sport deurgegee. |

## 10. VERANTWOORDELIKHEID VAN LEERDERS

Leerders het die verantwoordelikheid om:

(a) Die skool se waardes van respek, eerlikheid, verantwoordeleikheid, omgee en Christenskap uit te leef in hul optrede en gebruik van enige sosiale media.

(b) Te onthou dat hoewel die gebruik van sosiale media maklik, informeel, vinnig en goedkoop is, hierdie elektroniese boodskappe permanente, oordraagbare rekords is wat hul eie reputasie en die reputasie van die skool kan raak;

(c) Geen opmerkings, foto's of video's op enige sosiale mediaplatforms te publiseer of versprei wat die skool se naam skade kan doen nie;

(d) Geen neerhalende en aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of die leerders te publiseer of versprei nie. 'n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre stappe of regsaksie vir laster kan lei;

(e) Geen sosiale media boodskappe gedurende skoolure te stuur nie (Sien selfoonbeleid).

(f) Die voorgenoemde punte of enige privaat gevalle van kuberafknouery is slegs die skool se verantwoordelikheid mits dit tydens skoolure of -aangeleenthede plaasgevind het, of die skool direk raak (sien selfoonbeleid).

## 11. VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS (EN/OF VOOGDE)

Ouers het die verantwoordelikheid om:

(a) Hul kinders se gebruik van tegnologie binne en buite die huis te monitor;

(b) Hul kinders op te voed in die waarde-gedrewe en die veilige gebruik van tegnologie;

(c) Nie sosiale media te gebruik om klagtes of probleme wat met die skool te verband hou te bespreek nie. Die skool se amptelike kommunikasiekanale moet hiervoor gebruik word;

(d) Geen opmerkings, foto's of video's op enige sosiale mediaplatforms te publiseer wat die skool se naam skade kan doen nie;

(e) Geen neerhalende en aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of die leerders te publiseer of versprei nie. 'n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre stappe of regsaksie vir laster kan lei.

## 12. VERANTWOORDELIKHEID VAN ONDERWYSERS

Onderwysers het die verantwoordelikheid om:

(a) Leerders te lei om te verstaan dat wat in 'n klaskamer toelaatbaar is, aanlyn aanvaarbaar is. Enigiets wat in 'n klaskamer ontoelaatbaar is, ook aanlyn onaanvaarbaar is.

(b) Bewus te wees dat aanlyn aktiwiteite ‘n uitwerking mag hê op hul persoonlike reputasie, beeld en vermoë om met kollegas en leerders te verkeer;

(c) Professioneel en hoflik te wees wanneer hulle aanlyn met ander partye kommunikeer;

(d) Die noodsaaklikheid van diskresie en vertroulikheid te respekteer met betrekking tot persoonlike inligting en ander sensitiewe inligting wat dalk nie vir openbare bespreking gepas is nie;

(e) Binne redelike perke te poog om neutraal, objektief en professioneel te bly oor kwessies wat aangebied en bespreek word op opvoedkundige platforms of webwerwe wat vir opvoedkundige doeleindes bedoel is;

(f) Enige materiaal wat aanstootlik, onvanpas, ontoepaslik, onhoflik of andersins hinderlik vir ander gebruikers is, oordeelkundig te verwyder.

(g) Geen opmerkings, foto’s of video’s op enige sosiale mediaplatforms te publiseer wat die skool se naam skade kan doen nie;

(h) Geen neerhalende en aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of die leerders te publiseer of versprei nie. ’n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre stappe of regsaksie vir laster kan lei.

## 13. ONWETTIGE GEDRAG

Dit is onwettig om:

(a) By identiteitsdiefstal betrokke te raak;
(b) Aan haat- of kultuswebwerwe deel te neem;
(c) Gesteelde goedere op webwerwe te koop of te verkoop;
(d) Persoonlike inligting te onthul of vertroulike finansiële inligting met betrekking tot bank- en kredietkaarte bekend te maak deur onveilige en bedrieglike webwerwe te gebruik;
(e) Inligting wat 'n ander individu se reputasie of waardigheid in gedrang mag bring te publiseer; dit word ook as teistering beskou om iets te doen wat hulle weet benadeling van 'n ander persoon kan veroorsaak, hetsy geestelik, sielkundig of fisies.

## 14. POPI-wetgewing:

(a) Ons sal die beginsels van die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI)-wet nakom en verseker dat persoonlike inligting met sorg en respek gehanteer word.

(b) Leerders se ouers moet geskrewe toestemming gee dat leerders se foto's op sosiale media platforms geplaas mag word. Vermy om foto's sonder toestemming van individue te plaas. Die skool sal hierdie vorms verskaf en elke klasonderwyser moet die gevalle van nie-toelaatbaarheid aan die betrokke sosiale media partye deurgee.

(c) Plaas slegs foto's wat gepas is vir die omgewing en nie enigeen se privaatheid oorskry nie.

(d) Deel geen persoonlike inligting oor ander lede sonder hulle toestemming nie.

## 15. KUBERBOELIE GEDRAG

(a) Enige kuberboelie gedrag moet by ‘n klasonderwyser aangemeld word wat dit by die Dissiplinêre hoof moet aanmeld. Kuberboelie gedrag sal ingevolge die skool se Gedragskode en Dissiplinêre beleid hanteer word.

(b) Indien dit buite skoolure/ skoolgronde plaasvind, sal dit nie onderwysers se verantwoordelikheid wees nie (sien selfoonbeleid).

(c) Indien die gedrag buite skoolure tot skade van die skool se reputasie kan lei, mag die skool ondersoek instel.

(d) Moedig ‘n omgewing van samewerking en respek aan.

(e) Enige vorm van kuber-afknouery, “teistering”, of ongevraagde opmerkings wat as onvanpas beskou word op die skool se amptelike sosiale media rekeninge, is streng verbode en moet onmiddellik gerapporteer en verwyder word.

## 16. NIE-NAKOMING

Nie-nakoming deur leerders, ouers en personeel sal ingevolge die skool se Gedragskode, Dissiplinêre Beleid, Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) en die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) hanteer word.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN JANUARIE 2025**

______________________

Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za